



# Corasil<sup>®</sup> P

Reg. No/Nr: L8441

Act /Wet No. 36 of/van 1947

**A synthetic plant growth regulator for the improvement of fruit size of various citrus cultivars.**

**'n Sintetiese plantgroeireguleerder vir die verbetering van vrugsgroottes van verskeie sitrus kultivars.**

### ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL:

dichlorprop-P  
(as 2-ethylhexyl ester)

25 g/ ae/se /L

dichlorprop-P  
(as 2-etiëlheksiel ester)

**Net volume / Netto volume:**

## 5 L

**Registration holder / Registrasiehouer:**

NUFARM AGRICULTURE (PTY) LTD.

Co. Reg. No. 94/06588/07 Mpy Reg Nr.

PO Box 930200, Eldo Park, 0166

**Distributed by / Versprei deur:**

NUFARM AGRICULTURE (PTY) LTD.

Co. Reg. No. 94/06588/07 Mpy Reg Nr.

PO Box 930200, Eldo Park, 0166

**CORASIL<sup>®</sup> P is a registered trademark of / is 'n geregistreerde handelsmerk van:  
NUFARM S.A.S.**

Batch No / Lotnr: see no. on packaging / sien nr. op verpakking

Date of formulation / Formuleringsdatum: see expiry date on packaging / sien vervaldatum op verpakking

**UN Number: 3082**



CAUTION  
VERSIGTIG



**FOR FULL PARTICULARS, SEE ENCLOSED LEAFLET /  
VIR VOLLEDIGE BESONDERHEDE, SIEN INGESLOTE PAMFLET.**

## CORASIL® P

Reg. No. L8441 Act/Wet No. 36 of/van 1947

**ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDEDEEL:**

dichlorprop-P (as 2-ethylhexyl ester) / dichlorprop-P (as 2-ethylhexyl ester)..... 25 g/ ae/se /l

Registration holder / Registrasiehouer:

**Nufarm Agriculture (Pty) Ltd**

P.O. Box 930200

Eldo Park

0166

SOUTH AFRICA

**CAUTION / VERSIGTIG****WARNINGS**

- Allow 90 days between application and harvest of fruit.
- Handle with care.
- Poisonous if swallowed.
- May cause skin and eye irritation.
- Store away from food, feeds, seed and other agricultural remedies.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions, because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label, as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal or for lack of performance of the remedy concerned, due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

**PRECAUTIONS**

- Do not inhale fumes or spray mist.
- Wash contaminated clothing daily.
- Wash with soap and water after use.
- In case of eye contact, rinse immediately with plenty of water.
- Do not eat, drink or smoke whilst mixing, applying or before washing hands and face and changing of clothing.
- Clean applicator with a household ammonia solution (1 %) before using with other pesticides. Let solution stand for several hours, preferably overnight. Rinse at least twice. This applicator should not be used for applying chemicals other than herbicides. Dispose of wash water where it will not contaminate food, grazing, rivers or dams.
- **TRIPLE RINSE** empty containers in the following manner: Invert over the spray or mixing tank and allow draining for at least 30 seconds until flow has slowed down to a drip. Thereafter rinse the container three times with a volume of water equal to a minimum of 30 % of that of the container. Add the rinsing to the contents of the spray tank before destroying the container in the prescribed manner.
- Destroy empty container by perforation and flattening. **Never re-use container for any other purpose.**
- Prevent contamination of food, feeds, drinking water and eating utensils.

**USE RESTRICTIONS**a) ORANGES, CLEMENTINES AND SATSUMAS:

- Excessive applications of potassium prior to or after **CORASIL® P** application may cause granulation of fruit. Avoid application of potassium nitrate leaf sprays to increase fruit size in conjunction with a **CORASIL® P** application.
- Fruit from trees on rough lemon or volckameriana rootstocks, as well as those planted in sandy soils, have a tendency to granulate. In these cases, with exceptionally high potassium levels, fruit may granulate if **CORASIL® P** is applied.

b) ORANGES, CLEMENTINES, SATSUMAS AND GRAPEFRUIT:

- Do not apply to trees under severe water stress (drought or water logging) and/or to trees with malnutrition.

- To prevent damage, do not permit drift of vapour or spray mist onto sensitive broadleaf crops, fruit trees or ornamentals. Apply the product strictly in accordance with the application directions.
- The wind speed and direction at the time of application will determine the distance which must separate the closest edge of the area to be sprayed from susceptible crops.

WIND SPEED km/hour	GROUND APPLICATION
1,5 - 5	200 m downwind 200 m crosswind 6 m upwind
5 - 10	400 m downwind 200 m crosswind 1,5 m upwind
10 - 15	800 m downwind 400 m crosswind 1,5 m upwind
Above 15	Prohibited

- Apply **CORASIL® P** as a **medium** cover spray with correctly calibrated orchard application equipment.
- Do not spray during the heat of the day when ambient temperature exceeds 30 °C.
- Do not spray under low humidity conditions. The difference between the wet and dry bulb readings as determined by a whirling hygrometer must not exceed 8 °C.
- The optimum time for application is during early morning, as soon as the dew has evaporated from the leaves, or late afternoon when temperatures cool down.
- Apply the spray mixture immediately after mixing, do not allow mixture to stand for long periods and do not leave overnight in mixing tank.

#### GENERAL

- **CORASIL® P** can best be described as a synthetic plant growth regulator, belonging to the auxin group of plant growth regulators. Auxins in the plant are responsible for, amongst other things, improving cell wall elasticity and subsequent cell expansion.
- Where the history of the orchard indicates that the overall fruit size is less than optimum due to small fruit, but trees are in a commercially viable condition, then **CORASIL® P** can be applied.
- Where an application is made at the lower end of the fruit growth diameter scale (as per Table 1), a certain degree of thinning may result.

#### DIRECTIONS FOR USE (USE ONLY AS DIRECTED)

Apply a single application at the end of physiological fruit drop, as indicated in Table 1.

#### Determine the average fruit size with regard to diameter as follows:

Select 100 fruit at random and measure diameter of each fruit. It is important that only fruit which is healthy and dark green in colour be measured. Fruit size will determine application timing, according to Table 1.

#### RECOMMENDATIONS

The fruit size range that is specified in Table 1, recommends that:

##### a) ORANGES, CLEMENTINES AND SATSUMAS:

- Trees in cool areas, under small fruit conditions, small fruit cultivars, trees planted in heavy soils and in orchards with high yield potentials, should be sprayed at the earlier fruit size stage for optimal thinning.
- Under medium fruit size conditions, or conditions where a low crop yield and small fruit are expected, spraying time would be when fruit size is between the first and the second suggested fruit diameter.

##### b) GRAPEFRUIT:

- Orchards in a good condition, with vigorous growth and free from disease, but with a tendency to produce small fruit, are suited for **CORASIL® P** application. The treatment is aimed at increasing fruit size and not fruit thinning.
- Apply when average fruit diameter is between 16 and 28 mm.

**Table 1: Application timing according to fruit diameter measurement**

CITRUS	CULTIVAR	FRUIT DIAMETER
ORANGES	Delta	18 to 25 mm
	Valencia	18 to 25 mm
	Navels	18 to 25 mm
	Other	18 to 25 mm
CLEMANTINES	Nules Clementine (for heavy crop)	8 to 11 mm
	Oroval (only when a history of small fruit is known)	12 to 15 mm
	SRA (for heavy crop)	8 to 10 mm
	SRA	10 to 12 mm
	Marisol (presently no sprays)	None
GRAPEFRUIT	Marsh	16 to 28 mm
	Star Ruby	16 to 28 mm
	Rosé	16 to 28 mm
SATSUMAS	Owari	15 to 20 mm
	Miho-Wase	15 to 20 mm
MANDARIN TYPES	Afourer	11 to 14 mm
	Mor	11 to 14 mm
	Nova Tangelo*	11 to 14 mm
	Other	11 to 14 mm

\* **IMPORTANT:** It should be noted that **CORASIL® P** could have a tendency to increase the incidence of coarse rinds and granulation in the cultivar Nova Tangelo. Care should be taken if this cultivar is intended for export markets where these characteristics may be important.

#### **APPLICATION INSTRUCTIONS AND DOSAGE RATE**

- Apply a single **medium cover** application as per fruit size recommendation in Table 1.
- Apply at a concentration of 150 ml **CORASIL® P** per 100 litres water.
- Apply 5 – 9 l **CORASIL® P** per hectare.
- Apply **CORASIL® P** in 3500 – 6000 l spray volume per hectare.
- If spraying at higher volumes per hectare, the rate of **CORASIL® P** should be reduced in direct proportion to the spray volume increase, to ensure that it is not applied at more than 9 l product per hectare. If spraying at lower volumes per hectare, the rate of **CORASIL® P** should be increased in direct proportion to the spray volume decrease, to ensure that it is not applied at less than 5 l product per hectare.
- It is recommended to add a registered non-ionic wetting agent to the **CORASIL® P** spray mixture, as per instructions on that particular label.
- If the pH of the spray water is higher than 6, add a pH buffering agent to correct the pH of water to between pH 4.5 and 5, before adding **CORASIL® P** to the spray water.
- Ensure good even spray coverage of the entire tree is achieved.

## WAARSKUWINGS

- Laat 90 dae toe tussen toediening en oes van vrugte.
- Hanteer versigtig.
- Giftig indien ingeneem.
- Mag vel- en oogirritasie veroorsaak.
- Stoor weg van voedsel, voer, saad en ander landbouchemikalieë.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

## VOORSORGMATREËLS

- Moet nie dampe of spuitnewel inasem nie.
- Was besoedelde klere daagliks.
- Was met seep en water na gebruik.
- In geval van oogkontak, spoel onmiddelik met baie water.
- Moet nie eet, drink of rook tydens meng of toediening of voordat hande en gesig gewas is en skoon klere aangetrek is nie.
- Maak spuittoerusting met 'n huishoudelike ammoniakoplossing (1 %) skoon voordat ander plaagdoders daarmee gebruik word. Laat staan die oplossing vir 'n paar uur, verkieslik oornag. Spoel ten minste twee keer uit. Hierdie spuittoerusting behoort nie gebruik te word vir die toediening van enige ander chemikalieë nie, buiten onkruidodders. Gooi waswater weg waar dit nie voedsel, weiding, riviere of damme sal besoedel nie.
- Leë houers moet **driekeer uitgespoel** word soos volg: Keer die leë houer oor die spuittenk of mengbak en dreineer vir ten minste 30 sekondes nadat die vloeï tot 'n gedrup verminder het. Spoel die houer daarna drie keer met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 30 % van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word.
- Vernietig leë houer deur gate in te kap en plat te slaan en **moet dit nooit vir enige ander doel hergebruik nie**.
- Verhoed besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

## GEBRUIKSBEPERKINGS

- a) LEMOENE, CLEMENTINES EN SATSUMAS:
- Oormatige toediening van kalium voor of na **CORASIL® P** toediening kan granulasie van vrugte veroorsaak. Vermyn toediening van kaliumnitraat blaarbespuitings om vrugte te vergroot tesame met 'n **CORASIL® P** toediening.
  - Vrugte van bome met growweskil-suurlemoen of volckameriana onderstamme, asook bome geplant in sanderige grond, is geneig om te granuleer. In hierdie gevalle, indien die kalium vlakke baie hoog is, mag granulasie voorkom indien **CORASIL® P** toegedien word.
- b) LEMOENE, CLEMENTINES, SATSUMAS EN POMELO'S:
- Moet nie toedien op bome wat onder vogstremming is (droogte of versuiping) en/of bome met voedingswanbalanse nie.
  - Om skade te voorkom moet verhoed word dat spuitdampe of spuitnewel oorwaaï na sensitiewe breëblaargewasse, vrugtebome of sierplante. Dien die middel streng volgens die gebruiksaanwysings toe.
  - Die windspoed en windrigting tydens toediening bepaal die afstand wat tussen die naaste punt van toediening en gevoelige gewasse moet wees.

WINDSPOED km/uur	GRONDTOEDIENING
1,5 - 5	200 m windaf 200 m dwarswind 6 m windop
5 - 10	400 m windaf 200 m dwarswind 1,5 m windop
10 - 15	800 m windaf 400 m dwarswind 1,5 m windop
Meer as 15	Verbode

- Dien **CORASIL® P** toe as 'n **medium** dekbepuiting met korrek-gekalibreerde boord spuittoerusting.
- Moet nie toedien tydens die hitte van die dag wanneer omgewingstemperature 30 °C oorskry nie.
- Moet nie toedien onder lae humiditeit toestande nie. Die verskil tussen die nat- en droëbollesing, soos met 'n swaaihygrometer bepaal, moet nie 8 °C oorskry nie.
- Die optimale tyd vir toediening is vroegoggend, sodra die dou van die blare verdamp het, of laatmiddag as temperature afgekoel het.
- Dien die spuitmengsel dadelik na meng toe en moet nie die mengsel toelaat om vir lang periodes, of oornag, in die mengtenk te staan nie.

#### ALGEMEEN

- **CORASIL® P** kan beskryf word as 'n sintetiese plantgroeireguleerder wat behoort tot die ouksien groep van plantgroeireguleerders. Ouksiene is in die plant verantwoordelik vir, onder andere, verbetering van plantsel elasticiteit en gevolglik selvergroting.
- Indien die geskiedenis van die boord aandui dat die algemene vruggrootte sub-optimaal is weens klein vrugte, maar die bome is in 'n kommersieel lewensvatbare toestand, kan **CORASIL® P** toegedien word.
- Indien die toediening gemaak word aan die onderpunt van die vrug deursnee skaal (sien Tabel 1), kan 'n sekere mate van uitdunning plaasvind.

#### GEBRUIKSAANWYSINGS (Gebruik slegs soos aanbeveel)

Dien 'n enkel bespuiting toe aan die einde van fisiologiese vrugval, soos aangedui in Tabel 1.

#### Bepaal die gemiddelde vruggrootte in terme van deursnee soos volg:

Selekteer 100 vrugte ewekansig en meet die deursnee van elke vrug. Dit is belangrik dat slegs vrugte wat gesond en donkergroen van kleur is, gemeet word. Vruggrootte sal tyd van toediening bepaal, volgens Tabel 1.

#### AANBEVELINGS

Volgens die vrug deursnee skaal in Tabel 1, word die volgende aanbeveel:

##### a) LEMOENE, CLEMENTINES EN SATSUMAS:

- Bome in koel gebiede, onder kleinvrug-toestande, kleinvrug kultivars, bome op swaar gronde, asook boorde met hoë produksie potensiaal, sal bespuit word op die vroeër vruggrootte stadium vir optimum uitdunning.
- Met medium vruggrootte toestande, of toestande waar 'n ligte oes en / of klein vrugte verwag word, is bespuitingstyd wanneer vruggrootte tussen die eerste en die tweede voorgestelde vrug deursnit is.

##### b) POMELO'S:

- Boorde in 'n goeie toestand, groeiagtig en vry van siektes, maar met geneigdheid om klein vrugte te produseer, is geskik vir **CORASIL® P** toediening. Die behandeling is gemik op vergroting van vrugte en nie uitdunning nie.
- Dien toe wanneer die gemiddelde vrugdeursnee tussen 16 en 28 mm is.

**Tabel 1: Tyd van toediening volgens vruggroote deursnee bepaling.**

SITRUS	KULTIVAR	VRUGDEURSNEE
LEMOENE	Delta	18 tot 25 mm
	Valencia	18 tot 25 mm
	Nawels	18 tot 25 mm
	Ander	18 tot 25 mm
CLEMENTINES	Nules Clementine (vir swaar oes)	8 tot 11 mm
	Oroval (slegs met 'n geskiedenis van klein vrugte)	12 tot 15 mm
	SRA (vir swaar set)	8 tot 10 mm
	SRA	10 tot 12 mm
	Marisol (huidiglik geen bespuiting)	Geen
POMELO'S	Marsh	16 tot 28 mm
	Star Ruby	16 tot 28 mm
	Rosé	16 tot 28 mm
SATSUMAS	Owari	15 tot 20 mm
	Miho-Wase	15 tot 20 mm
MANDARYN TIPES	Afourer	11 tot 14 mm
	Mor	11 tot 14 mm
	Nova Tangelo*	11 tot 14 mm
	Ander	11 tot 14 mm

\* **BELANGRIK:** Let op dat **CORASIL® P** 'n geneigdheid het om die voorkoms van growwe skil en granulasie in die kultivar Nova Tangelo te verhoog. Sorg moet aan die dag gelê word indien hierdie kultivar bestem is vir uitvoermarkte waar hierdie kenmerke belangrik geag word.

#### **TOEDIENINGSINSTRUKSIES EN DOSIS**

- Dien een **medium** dekbespuiting toe met die aanbevole vruggroote soos aangedui in Tabel 1.
- Dien toe teen 'n konsentrasie van 150 ml **CORASIL® P** per 100 liter water.
- Dien 5 – 9 l **CORASIL® P** per hektaar toe.
- Dien toe in 3500 - 6000 l spuitvolume per hektaar.
- Indien hoër volumes per hektaar toegedien word, moet die dosis van **CORASIL® P** verminder word in direkte verhouding tot die spuitvolume toename, om te verseker dat nie meer as 9 l produk per hektaar toegedien word nie. Indien laer volumes per hektaar toegedien word, moet die dosis van **CORASIL® P** verhoog word in direkte verhouding tot die spuitvolume afname, om te verseker dat nie minder as 5 l produk per hektaar toegedien word nie.
- Byvoeging van 'n geregistreerde nie-ioniese benattingsmiddel by die **CORASIL® P** spuitmengsel word aanbeveel, volgens aanwysings op daardie betrokke etiket.
- Indien die pH van die spuitwater hoër is as 6, voeg 'n buffer by sodat die pH van die water tot tussen pH 4.5 en 5 reggestel kan word, alvorens **CORASIL® P** by die spuitwater gevoeg word.
- Verseker dat goeie eenvormige bedekking oor die hele boom verkry word.